Navrae: **BELASTING AFD**
Enquiries:

Lêerverwysing
File Reference:

Datum: **07/06/2018**
Date:

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

KANTOOR VAN DIE DIREKTEUR FINANSIES
OFFICE OF THE DIRECTOR OF FINANCE

Geagte Meneer/Mevrou

IS: MUNISIPALE REKENING NO ERF

Afgetrede en gestremde persone kwalifiseer vir 'n korting op eiendomsbelasting, volgens hulle totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste. Om te kwalifiseer vir die korting moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- Die eienaar/s moet Suid Afrikaanse burger/s wees
- Die aansoeker/s moet een van die geregistreerde eienaar/s wees
- Die eiendom moet die aansoeker/s se primêre verblyf/woonadres wees (Afwesigheid tot op drie maande per jaar, sal nie in aggeneem word vir hierdie vereiste nie)
- Die eienaar/s moet ten minste 60 jaar oud wees of ongeskiktheid toelaag van die Staat ontvang
- Die totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste mag nie R13 520 oorskry nie
- Die eiendom mag nie uit meer as een wooneenheid betaan nie
- Die aansoeker/s mag nie eienaar wees van enige ander eiendom nie

"Bruto maandelikse houshoudelike inkomste": beteken die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van **alle** persone wat normaalweg die eiendom bewoon, insluitend salarisse/toelae, lone, dividende, pensioengelde, ongeskiktheid toelae, verhurings, rente ontvang, kapitaal ooprplasings/depositos en enige beleggings inkomste.

Die doel van hierdie vorm, is om die nodige inligting te bekom om ons in staat te stel om te bepaal of u vir hierdie korting op eiendomsbelasting kwalifiseer. Alle inligting deur u verskaf, word as streng vertroulik behandel. Stuur asseblief albei bladsye van die voltooide aansoekvorm **en** alle verpligte dokumentasie, terug aan u naaste Overstrand Munisipaliteit Administrasie.

Alle aansoeke moet deur die Munisipaliteit ontvang word teen **20 Julie 2018.** Die goedgekeurde Belastingbeleid maak voorsiening vir laat aansoeke tot 30 September 2018.

Die indiening van hierdie vorm sal nie noodwendig 'n belastingkorting tot gevolg hê nie.

As u enige probleme ondervind met die invul van die aansoekvorm, moet nie huiwer om u naaste Administrasiekantoor te kontak wat met genoeë hulp sal verleen.

Die uwe

GELDENHUYS A (MRS)
(BESTUURDER: BELASTING & DATA BEHEER

Posbus/PO Box 20,
Hermanus, 7200

e-mail: enquiries@overstrand.gov.za

Tel: (028) 313-8000
Faks/Fax: (028) 312-1894